higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

1 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

160Q1J2101

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kinders in 'n gesin uit vorige verhoudings	A	plesierbeginsel
1.1.2	Gedrag wat dreig om liggaamlike of emosionele skade te doen	B	realiteitsbeginsel
1.1.3	Fase van grootskaalse verkenning tydens adolessensie	C	taal
1.1.4	Emosionele band tussen 'n kind en ouer	D	gehegtheid
1.1.5	Persoon se geloof in sy/haar vermoë om dinge te bereik	E	spraak
1.1.6	Gedrag wat vriendskappe en sosiale interaksie aanmoedig	F	moratorium
1.1.7	Vermoë om gedagtes en gevoelens in woorde uit te druk	G	gemengde gesin
1.1.8	Voorbeeld van nieverbale kommunikasie	H	identiteitsdiffusie
1.1.9	Instinktiewe drang om pyn en onaangename ervarings te vermy	I	aggressiewe gedrag
1.1.10	Sosialiseringsagent vir 'n jong kind	J	outisme
		K	uitsluiting
		L	portuurgroep
		M	gesigsuitdrukking
		N	prososiale gedrag
		O	selfdoeltreffendheid

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 'n Poligame gesin bestaan uit 'n ma, pa en kinders.

1.2.2 As 'n baba met glimlagte op die aangename sang van sy/haar ma se stem reageer, word dit as ekspressiewe taalbegrip beskou.

1.2.3 Wanneer 'n adolessent besluiteloos oor sy/haar rol is, word dit moratorium genoem.

1.2.4 Kinders wie se pa's by hul versorging betrokke is, is beter aangepas.

1.2.5 Kinders van kleiner gesinne wat baie aandag van hul ouers kry, begin vroeër praat.

1.2.6 Die uitermatige gebruik van fopspene in kinderjare kan tot 'n lispel lei.

1.2.7 Kinders wat dagsorgsentrums bywoon, kan skeidingsangs ervaar.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Kinders wat taalprobleme ervaar, word na 'n … verwys.

A algemene praktisyn
B kliniese sielkundige
C spraakterapeut
D sielkundige

1.3.2 Wanneer daar te min stres en geen uitdagings in 'n individu se lewe is nie, word dit … genoem.

A eustres
B angs
C hiperstres
D hipostres

1.3.3 'n Melancholiese temperament hou verband met …

A bloed.
B swart gal.
C geel gal.
D slym.

1.3.4 'n Kind se temperament verwys na sy/haar …

A karaktereienskappe.
B syfervaardighede.
C leesvaardighede.
D ruimtelike vaardighede.

1.3.5 Die ontwikkeling van 'n individu se spesifieke persoonlikheid word ... genoem.

A uitsluiting.
B identiteitsprestasie
C identiteitsvorming
D identiteitsdiffusie.

1.3.6 Kohlberg se teorie poog om ... te verklaar.

A karaktertrekke
B psigososiale ontwikkeling
C morele ontwikkeling
D mensepersoonlikhede

1.3.7 Die oortuiging dat vroue liggaamlik swakker as mans is, verwys na …

A rassisme.
B seksisme.
C materialisme.
D etnosentrisme.

1.3.8 Wanneer kinders afleiding van alledaagse spanning en onaangename realiteite wil hê, verwys dit na …

A materialisme.
B rassisme.
C seksisme.
D lewensontvlugting.

1.3.9 Die lewenslustige persoonlikheid word geassosieer met die element van …

A lug.
B grond.
C vuur.
D water.

1.3.10 'n Persoon met 'n opvlieënde temperament …

A is ernstig en teruggetrokke van geaardheid.
B geniet aktiwiteite soos poësie en kuns.
C verkies aktiwiteite waar hulle die leiding kan neem.
D is geneig om stadig, lui en vervelig te wees.

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Noem VYF voordele wat kinders verkry as hulle literatuur lees. (5 × 2) (10)

2.2 Verduidelik DRIE mediese probleme wat deur uitermatige televisiekyk veroorsaak word. (3 × 2) (6)

2.3 Noem VIER sleutelbeginsels van die superego soos in Freud se psigoanalitiese teorie uiteengesit. (4 × 2) (8)

2.4 Lys VIER metodes van sosiale leer soos deur Alfred Bandura geïdentifiseer. (4)

2.5 Definieer die volgende terme:

2.5.1 Waarnemingsleer

2.5.2 Stereotipe

(2 × 2) (4)

2.6 Verduidelik VIER karaktereienskappe van die flegmatiese temperament. (4 × 2) (8)

2.7 Noem VYF voordele van dagsorgsentrums. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Tabuleer VIER verskille tussen *outoritêre ouers* en *demokratiese ouers*.(4 + 4) (8)

3.2 Verduidelik die volgende interne faktore wat 'n kind se taalverwerwing beïnvloed:

3.2.1 Geslag

3.2.2 Persoonlikheid of temperament

3.2.3 Sielkundige toestand

3.2.4 Intelligensie

3.2.5 Motivering

(5 × 2) (10)

3.3 Noem VYF taalprobleme wat die ontwikkeling van kinders se taal beïnvloed. (5)

Kopiereg voorbehou

3.4 Definieer die volgende terme:

3.4.1 Saamgestelde tweetaligheid

3.4.2 Gelyke tweetaligheid

(2 × 2) (4)

3.5

Juffrou Roberts is die Graad R-opvoeder by Westville Preprimêr in Durban, KwaZulu-Natal. Tydens 'n storiekring-les van *Alice in Wonderland* betrek sy haar leerders om reaksie op die storie te toon. Toe sy die sesjarige Maggie vrae vra, let sy op dat Maggie woorde soos volg vervang: 'uis' vir 'muis', 'tein' vir 'trein' en 'boe' vir 'boek'. Juffrou Roberts was bly sy kon hierdie taalprobleem in Maggie se taalontwikkeling identifiseer en het haar ma, wat 'n enkelouer is, gevra om haar te kom sien.

3.5.1 Identifiseer die taalprobleem. (1)

3.5.2 Noem VIER kenmerke van hierdie toestand. (4 × 2) (8)

3.5.3 Noem VYF oorsake van hierdie toestand. (5)

3.5.4 Noem VYF hulpmiddels wat juffrou Roberts vir Maggie se ma kan aanbeveel. (5)

3.6 Onderskei tussen *holofrastiese spraak* en *telegrafiese spraak*. (2 + 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1

Meer as 50% van Suid-Afrika se bevolking leef in armoede

Lameez Omarjee

Pretoria – Volgens data van Statistiek Suid-Afrika leef meer as die helfte van Suid-Afrika se bevolking in armoede. Volgens hul verslag oor armoedetendense vir 2006 tot 2015 leef 30,4 miljoen mense (55,5% van die bevolking) in armoede. Dit is 'n styging vanaf die 53,2% of 27,3 miljoen wat in 2011 gerapporteer is. Statistikus-generaal Pali Lehohla sê die statistieke het Suid-Afrika se verskuiwing om armoede te verminder, ondersoek. Oor 'n tydperk was die beweging byna parallel aan die x-as, 'n plat beweging. "Dit beteken die diepte of intensiteit van armoede was moeilik hanteerbaar", sê hy.

[Aangepas van: *https://www.fin24.com*, 22 Augustus 2017]

4.1.1 Noem VYF faktore wat tot omgewingsverwaarlosing bydra. (5)

4.1.2 Noem DRIE emosionele eienskappe van 'n omgewingsverwaarloosde kleuter. (3 × 2) (6)

4.1.3 Verduidelik die impak van omgewingsverwaarlosing op 'n kind se akademiese ontwikkeling. (2 × 2) (4)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Vooroordeel

4.2.2 Xenofobie

(2 × 2) (4)

4.3 Noem en verduidelik VYF liggaamlike gevolge van stres vir 'n individu.

(5 × 2) (10)

4.4 Noem DRIE soorte kos wat stres verhoog. (3)

4.5 Portuurverhoudings is 'n normale aspek tydens adolessensie. Portuurgroepe is normale groepe mense wat soortgelyke belangstellings (homofilie), ouderdomme, agtergronde of sosiale status het. Lede van hierdie groep kan waarskynlik 'n persoon se oortuigings en gedrag beïnvloed. Portuurgroepe het nie net bepaalde gedragspatrone nie, maar ook sekere hiërargieë.

4.5.1 Noem VYF funksies van 'n portuurgroep. (5)

4.5.2 Verduidelik op grond van jou persoonlike ervaring die invloed wat 'n portuurgroep op 'n adolessent het. (5)

4.6 4.6.1 Definieer die term *kerngesin*. (2)

4.6.2 Noem DRIE eienskappe van 'n kerngesin. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou